

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Munisipaliteit van Windhoek v Ministersraad van Swa/Namibia en 'n Ander (93/83/AV)

[1984] ZASCA 110 (25 September 1984)

[1984] ZASCA 110

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Wessels, Jansen, Van Heerden, Hefer, Eloff

CASE / FILE NUMBER

93/83/AV

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

DIE MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK/DIE MINISTERSRAAD VAN SWA/NAMIBIA

DIE SUIDWES-AFRIKAANSE MUNISIPALE PERSONEELVERENIGING

93/83/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPELAFDELING)

In die saak tussen: DIE MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK Appellant
DIE MINISTERSRAAD VAN SWA/NAMIBIA Eerste Respondent
DIE SUIDWES-AFRIKAANSE MUNISIPALE

PERSONEELVERENIGING Tweede Respondent

CORAM: Wessels, Jansen, Van Heerden, Hefer, ARR et Eloff, WAR

VERHOOR: 11 September 1984

GELEWER: 25 September 1984

UITSPRAAK WESSELS, AR

Gedurende Maart 1982 is 'n aansoek kragtens die

bepalings 2 bepalings van art 33(1) van Ord. 35 van 1952 (S.W.A.) deur tweede respondent aan eerste respondent gerig vir die in-stelling van 'n versoeningsraad ter oorweging en skikking van 'n geskil wat na bewering tussen appellant en tweede respondent sou ontstaan het. Na aanleiding van hierdie aansoek het eerste respondent op 8 April 1982 die instelling van 'n versoeningsraad goedgekeur. Op 30 April 1982 het appellant ooreenkomstig die bepalings van art 72(1) van die voormelde ordonnansie kennis gegee dat hy na die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika in hoer beroep gaan teen die beslissing van eerste respondent om 'n

versoeningsraad in te stel. Die eerste respondent het aanvanklik kennis gegee dat die appèl bestry sou word, maar

later

3 later te kenne gegee dat by die uitspraak van die hof berus sou word. Die appèl is deur regters Mouton en Bethune verhoor. Vir huidige doeleindes is dit onnodig om te verwys na die geskilpunte wat in die appèl geopper is. Die bevel van die hof was dat die appèl met koste van die hand gewys word. Daarna is kennis gegee dat appellant na hierdie hof appelleer teen die uitspraak van die Hooggeregshof van Suid-wes-Afrika. Appellant het nie die hof a quo versoek om verlof tot appèl na hierdie hof toe te staan nie. Die appèl is ter rolle geplaas vir verhoor deur hierdie hof op Dinsdag 11 September 1984. Op 26 Julie 1984 het die griffier van hierdie hof 'n skrywe aan die partye se plaaslike

prokureurs 4 prokureurs gerig waarin hulle meegedeel is dat die voorsit-tende regter die indiening versoek van betoogshoofde oor die vraag of verlof om te appelleer nie verkry moes gewees het nie. Die advokate wat namens die partye opgetree het, het aan die versoek voldoen. Uit die betoogshoofde wat namens die appellant ingedien is, het geblyk dat dit appellant se houding was dat dit onnodig was om verlof tot appèl van die hof a quo te verkry. By die verhoor van bogemelde punt in limine in hierdie hof was dit nog steeds appellant se houding. Wat tweede respondent betref, het dit uit betoogshoofde wat ingedien is geblyk dat dit sy standpunt was (alhoewel dit met 'n mate van teësin gestel is) dat verlof tot appèl verkry moes gewees het.

By

5 By die verhoor van die appèl het tweede respondent se ad-vokaat egter van standpunt verander en betoog dat dit on-nodig vir appellant was om verlof tot appèl van die hof a quo te verkry. Nadat die advokate hul betoë in verband met die punt in limine gelewer het, is beveel dat die appèl met koste van die rol geskrap word. Dit is te kenne gegee dat die hof se redes vir sy bevel ter geleëner tyd verstrek sou word. Hulle volg hieronder. Dit is namens appellant betoog dat in die onderhawige geval die appèl aangeteken is ooreenkomstig die bepalings van art 14(1)(b) van die Staatspresident se Proklamasie No 222 van 1981, waardeur 'n eie Hooggeregshof vir die

gebied

6 gebied Suidwes-Afrika ingestel is. Die appèl is teen die uitspraak van die volle hof wat gelewer is na aanleiding van 'n appèl wat voor daardie hof gedien het. Die voormelde art 14(1)(b) bepaal dat 'n appèl teen die uitspraak van die volle hof na hierdie hof sal wees. Voorts is betoog dat verlof tot appèl nie nodig is nie omdat art 14 (2)(b) saamgelees met art 14(3) van die voormelde Proklamasie bepaal in welke gevalle verlof tot appèl nodig is, en die onderhawige appèl is nie een van sodanige gevalle nie. Dit is ook betoog dat art 20 van die Hooggeregshofwet 59 van 1959 (die Wet) slegs op appelle vanaf die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika van toepassing is. Art 20 van die Wet is vir die Hoog-

geregshof

7gereghshof van Suid-Afrika wat art 14 van die voormelde

Proklamasie vir Suidwes-Afrika is. Met ander woorde,

dit handel oor dieselfde onderwerp, nl., die reg van appèl ,

van en na watter howe appèl aangeteken kan word, in welke

gevalle verlof tot appèl vereis word en van welke hof ditverkry moet word.

Na my mening kan die betoog nie opgaan nie.

Eerstens moet onthou word dat die bepalings van die

Proklamasie nie in Suid-Afrika geldend is nie. Voorts

bepaal art 14(2)(c) van die Proklamasie dat

"die reg van appèl is onderworpe aan enige wetsbepalings waarby daardie reg uitdruklik beperk word."

Die regsbevoegdheid van hierdie hof om appelle te

verhoor

8verhoor en te beslis word verleen deur artikels 20 en 21van die Wet. Art 20 bepaal onder meer dat 'n appèl teen'n uitspraak of bevel van die hof van 'n provinsiale ofplaaslike afdeling van die Hooggeregshof in 'n siviele gedingdeur hierdie hof verhoor word. Art 20(4) van die Wetlui soos volg:

"4. Daar is geen appèl teen 'n uitspraak

of bevel van die hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling in 'n siviele ge-ding of teen enige uitspraak of bevel van daardie hof op appèl na hom gegee nie behalwe -

(a) in die geval van 'n uitspraak of bevelin 'n siviele geding deur die volle hofvan so 'n afdeling gegee op appèl na homingevolge subartikel (3), met die spe-siale verlof van die appellafdeling;

(b) in enige ander geval, met verlof vandie hof teen die uitspraak of bevel

waarvan

9

waarvan die appèl aangeteken staan te word of, waar sodanige verlof geweier is, met verlof van die appellafdeling."

Art 21(1) en (1A)(soos, wat Suidwes-Afrika betref,

gewysig deur Proklamasie ZZZ) lui soos volg:

"21. (1) Benewens enige regsbevoegdheid deur hier-die wet of ander wetsbepalings aan hom verleen, is die appèl afdeling regsbe-voeg, behoudens die bepaling van hier-die artikel en enige ander wetsbepaling, om 'n appèl teen enige beslissing van die hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling te verhoor en te beslis.

21,(1A) Die appellafdeling het dieselfde regs-

bevoegdheid om 'n appèl teen 'n beslissing van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika of van 'n hooggeregshof of hoërhof van 'n staat waaraan onafhanklikheid by wet verleen is, te verhoor en daaroor te beslis as wat hy ten opsigte van 'n be-slissing van die hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling het, en 'n bepaling van hierdie Wet of 'n ander wet of hofreël

wat

10

wat in verband met 'n appèl teen 'n beslis-sing van 'n hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling van toepassing is, geld mutatis mutandis met betrekking tot 'n appèl teen 'n beslissing van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika of van 'n hooggeregshof of hoërhof van so 'n staat. "

Na my mening behoeft dit geen betoog nie dat die regs-bevoegdheid van hierdie hof om appelle te verhoor en te be-slis slegs deur wetgewing wat in Suid-Afrika geldend is bepaal kan word.

Aangesien die Hooggeregshof van Suid-wes-Afrika en die hooggeregshof of hoërhof van 'n staat waaraan onafhanklikheid by wet verleen is, nie 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika vir die doeleindes van die Wet is nie, was dit nodig om by

wetgewing 11 wetgewing wat in Suid-Afrika geld te bepaal, dat hierdie hof regsbevoeg is om appelle van die voormelde hof te verhoor en te beslis. Daardie regsbevoegdheid is deur art 21 (1A) geskep. Na my mening blyk dit duidelik uit die bewoording van art 21(1A) dat, met die nodige aanpassings (mutatis mutandis), die bepaling wat hierdie hof se regs-bevoegdheid om appelle vanaf 'n provinsiale of plaaslike afdeling te verhoor en te beslis ook van toepassing is op appelle vanaf die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika. Dit volg, na my mening, dat art 20 (4) ook van toepassing is in die geval van 'n appèl na hierdie hof teen 'n uitspraak van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika. Met ander woorde, hierdie hof sou slegs regsbevoegdheid gehad het om

die

12 die onderhawige appèl te verhoor en te beslis indien verlov tot appèl van die hof a quo verkry is of, indien die aansoek om verlov geweier is, verlov tot appèl deur hierdie hof ver-leen is.Ten slotte dien gemeld te word dat art 20(6)(b) van die Wet nie die appellant baat nie, want dit het klaarblyklik betrekking op "bepalings van enige ander wet" wat territoriale gelding in Suid-Afrika het, en daarom nie op die bepaling van art 14 van die Proklamasie wat, soos reeds aangedui, nie hier geldend is nie.

P J WESSELS, AR JANSEN, AR

VAN HEERDEN, AR

HEFER, AR Stem saam

ELOFF, WnAR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/110.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/munisipaliteit-van-windhoek-v-ministersraad-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria